# HOOFSTUK EEN

# BEROEPSVERENIGINGS – 'N KONSEPSUELE EN TEORETIESE AGTERGROND

## 1.1 Inleiding

Die mensdom het pas die 21e eeu betree. Hierdie wêreld, wat gedurende die grootste deel van die twintigste eeu van die mees gevorderde tegnologiese innovasies van alle samelewings nog beleef het, is heel bekend met die bestaan van beroepsverenigings. Om hierdie vorm van professionaliteit te bereik, het dekades, jare en eeue se baanbrekerswerk gekos. Veral die Europese beïnvloeding van Suid-Afrika op hierdie terrein word in dié hoofstuk kortliks toegelig. Daarin staan die welbekende Industriële Revolusie wat gedurende die laat-18e eeu in Engeland ontplooi het, prominent.[1]

Namate die industrialiseringsproses momentum gekry het, het 'n onvermydelike proses van massaproduksie geleidelik 'n werkgewer-werknemer-verhouding laat ontwikkel wat gelei het tot nuwe benaderings en wetgewing rakende die werksplek en indiensneming. Hieruit het onder meer ontwikkel vakbonde en beroepsverenigings. Uit die konsepsuele bespreking van beide dié begrippe sal dit in hierdie hoofstuk duidelik word wat elk se vernaamste visie en missie is, waarop die fokus daarna hoofsaaklik op beroepsverenigings se ontstaan in die breë sal val. Ter aanvang van hierdie bespreking, is 'n historiografiese agtergrond met betrekking tot die ontwikkeling van publikasies op hierdie terrein in die buiteland en Suid-Afrika in afdeling 1.2 voorgehou.

---

[1] Vergelyk C.M. Cipolla, *The Industrial Revolution*, pp.72-95; T.S. Ashton, *The Industrial Revolution: 1760-1830*, pp.65-90.

Teen bovermelde teoretiese en konsepsuele agtergrond, volg 'n inleidende oorsig oor die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die Elektrotegniese Aannemersvereniging van Suid-Afrika, oftewel die EAV(S.A.)[2] met die oog op die gedetailleerde bespreking in die hoofstukke wat volg. Die ontwikkelingsgeskiedenis van elektrotegniese vakmanskap (waarvan 'n geskiedenis daarvan reeds vanaf voor die geboorte van Christus dateer)[3] vorm nie deel van die groter bespreking nie, aangesien dit nie direk verband hou met die aanvanklike rede waarom beroepsverenigings wel ontstaan het nie. Die eise vir voortgesette professionalisering sluit wel daarby aan. Die benadering in hierdie studie is eerder om die prosesse ter professionalisering onder meer uit te wys as die tegniese ontwikkeling binne die elektrotegniese tegnologie. Dit regverdig 'n afsonderlike studie waarop buitelandse kundiges reeds gespesialiseer het.

## 1.2 Besigheidsgeskiedenis en organisasies/ verenigings - 'n historiografiese oorsig

Volgens C.H. Lee bestaan daar al dekades lank heelwat literatuur oor die teoretiese werking van 'n besigheid. Twee navorsingsgerigte strome het mettertyd ontwikkel. Die een is besigheidsbiografie en die ander entrepeneursgeskiedenis waarvan die oorsprong van eersgenoemde terugdateer tot die stigting van die *Business History Society* te Harvard in 1925 en laasgenoemde vanaf die 1940's.

Die *Business History Society* se fokus op besigheidbiografie word deur Lee beskou as eng omdat dit 'n navorsing is wat meer gerig is op individuele ondernemings en individuele sakeleiers oor tyd – veral die reaksies van topbestuur van individuele ondernemings op die omgewingsmagte buite hul invloedsfeer. Die waarde hiervan is dat insiggewende feitelike kennis versamel is oor die organisasie van besighede, die ekonomiese omgewing van die tyd en historiese veranderinge. Die vernaamste

---

2 Die "Electrical Contractors' Association (ECA) of South Africa" is vrylik deur hierdie Beroepsvereniging vertaal as die Elektrotegniese Aannemersvereniging (EAV(S.A.)) van Suid-Afrika. Daar is met hierdie naam in die studie volstaan.

3 Vergelyk P. Dunsheath, *A history of electrical engineering*, pp..21-33; M. Maclaren, *The rise of the electrical industry during the nineteenth century.*

beperking van hierdie formaat is die eng navorsingsfokus waarin gebeure ondersoek en betrek word wat slegs met sodanige organisasie/besigheid verband hou.

Die ontwikkeling van entrepeneursgeskiedenis het daartoe bygedra om aan ekonomiese geskiedenis as dissipline 'n bestaansreg te bied. Kombinasies daarvan met ekonomiese teorie is met antipatie deur besigheidshistorici ontvang. Teen die tagtigerjare het historici 'n eie empiriese benadering op die navorsing van besigheidsgeskiedenis gevolg, en daarmee die bydraes van teoretici as't ware geïgnoreer. Teen die negentigerjare is die neiging eerder om op 'n gereserveerde wyse op teorieë ag te slaan.[4] Beroepsverenigings, as spontane uitvloeisel van ekonomiese veranderinge en professionalisering, vorm deel van ekonomiese/ besigheidgeskiedenis.

'n Redelik onlangse studie oor verenigings waarin navorsingsresultate oor letterlik eeue gelede se verenigingslewe in Wes-Europa gegee word, is dié van L.F.M. Ausbê se *Untersuchungen zu den Vereinen im Westen des Römischen Reiches* [vrylik vertaal: 'n Ondersoek na die verenigings in die weste van die Romeinse Ryk] (1982). Hierdie doktorale studie fokus hoofsaaklik op die bestaan van verenigings gedurende 30 vC tot 284 nC. Verenigings gedurende hierdie periode en lank daarna was hoofsaaklik gerig op militêre, geestelike, sosiale en gemeenskapsaktiwiteite.[5] 'n Resente werk wat hierby aansluiting vind, is dié van die Nederlander O.M. van Nijf, getitel *The civic world of professional associations in the Roman East* (1997). 'n Groter gerigtheid op ekonomiese aangeleenthede in die vorm van arbeids- en beroepsverenigings soos dit in die 21e eeu bekend is, het eers vanaf die Europese industrialiseringsperiode (17e eeu en verder) ontplooi.

In die Amerikaans-gepubliseerde *Business Periodicals* van 1982-1994 is byvoorbeeld 'n aantal publikasies geïdentifiseer waarin die beroepsverenigings van besighede bespreek word. In geeneen van dié publikasies is 'n studie oor 'n

---

4 Vergelyk C.H. Lee, "Corporate behaviour in theory and history: The historian's perspective", *Business History*, 32, April 1990, pp.163-179.

5 Vergelyk G.N. van den Bergh, *Die Middeleeue*, pp.141-153; 294-310; O.M. Van Nijf, *The civic world of professional Associations in the Roman East*, pp.195-204.

elektrotegniese beroepskontrakteursvereniging onderneem nie.[6] Banke, koerantmaatskappy, bepaalde produksielyne en temas in die landbou en mynbou is gewilde navorsingstemas – só ook in Suid-Afrika.[7] In die *Business Periodicals* is daar verder meer algemene bydraes soos *Trade Associations in Business History* (1989)[8]; *The plan, the profession, the association* (1989)[9] en *Genesis; the unusual beginnings of new associations* (1985)[10].

Sommige algemene studies gedurende die negentigerjare in besigheidsgeskiedenis beredeneer die waarde van organisasies en korporatiewe bedrywe se verlede met die oog op elk se historiese feesgeleenthede en 'n onderneming se toekoms.[11] J.P. Walsh en G.R. Ungson[12] het 'n insiggewende studie gemaak van die metodologiese uitdagings wat navorsers op hierdie terrein mag ondervind. 'n Probleem wat uitgewys is, is die maak van veralgemenings rakende een faset van sodanige bedryf sonder inagneming van ander verskynsels soos byvoorbeeld die sosiale en algemeen-ekonomiese. Hulle het ook 'n bruikbare struktuur ontwikkel waarin hulle stapsgewys bespreek hoe navorsers van organisasies se geskiedenis inligting kan verkry, sowel as inligting wat verkry is, behoort te benader. Die inligting waarvan melding gemaak word, is in kategorieë geplaas, nl. inligting vanaf en oor individue, kultuurdata, transformasies, strukture en ekologiese invloede - hetsy in die

---

6 Vergelyk die *Business Periodicals*, (7) 82 - (12)94.

7 Voorbeelde hiervan in Suid-Afrikaanse wetenskaplik-gefundeerde navorsing is: W.J.Badenhorst, Die geskiedenis van die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Transvaal,1842-1885 (D.Litt: PUvCHO,1951); P.G. Badenhorst, Die geskiedenis van De Volkstem,1873-1900, MA: PUvCH0,1945); D.A. Etheredge, The early history of the Chamber of Mines (University of the Witwatersrand: MA,1950); M.E.van Zyl, Die geskiedenis van Het Westen en Die Volksblad,1904-1925 (Vrystaatse Universiteit:MA, 1978); P.van Breda, Die geskiedenis van De Zuid-Afrikaansche Boerenbeschermingsvereeniging in die Kaapkolonie,1878-1883 (US:MA,1981); J.J.Viljoen, Die geskiedenis van die karakoelboerdery in Suidwes-Afrika, 1907-1950 (RAU:MA,1982).

8 Review, "Trade Associations in businesss history", *Business History*, (31), October 1989, pp.118-120.

9 D.S. Arnold, "The plan, the profession, the association", *Public Management*, 71, Sept. 1989, pp.16-19.

10 L–A. Shore, "Genesis; the unusual beginnings of new associations", *Association Management*, 37, July 1985, pp.50-55.

11 Vergelyk N.R. Lamoreaux, "Partnerships, corporations, and the theory of the firm", *The American Economic Review*, 88(2), pp.66-71; T. A. Rumer, "Corporate history can be public relations gold", *Public Relations Quarterly*, 29, 1984, pp.19-23.

12 J.P. Walsh & G.V. Ungson, "Organizatinal Memory", *Management Review* 16(1), 1991, pp.57-91.

werksplek of die terrein waarmee die organisasie geassosieer word. Die werksplekekologie, byvoorbeeld, is 'n bepalende faktor in gedrag en statushiërargie, en bepaalde strukture skep ook sekere rolverwagtings gesien vanuit 'n sosiologiese hoek. Kultuurdata van organisasies, verkry vanuit 'n organisasie se verlede, word deur dié skrywers beskou as die sinvolste wyse waarop die denke en gevoelens rakende probleme in 'n organisasie - dikwels oorgedra aan die lede of werknemers – verkry kan word. Die skrywers merk verder tereg op dat: *Culture embodies past experience that can be useful for dealing with the future ...This learned cultural information is stored in language, shared frameworks, symbols, stories, sagas and the grapevine.* [13]

Oor die doel van 'n studie van organisasies se verlede is drie algemene funksies van toepassing. Eerstens die inligtinggewende waarde daarvan. Tweedens die gebruik van die organisasie se verlede vir kontroledoeleindes. Dit kan transaksie-onkostes beperk en is dikwels te assosieer met nuwe verbintenisse en/of transaksies. Derdens kan die organisasie se verlede ook 'n politieke funksie inhou. Kontrole oor die werking van 'n organisasie en besluitnemings wat gemaak is, dra by tot die beïnvloeding van ander (individue of groepe). Bygesê, míts die inligting nie in 'n historiese vakuum aangebied word nie.[14] Organisasies se verlede dra ook dikwels daartoe by om ander organisasies en situasies beter te begryp.[15]

Oor die historikus se taak ten opsigte van besighede of organisasies/ beroepsverenigings se verlede sal daar meningsverskille bestaan. Die narratiewe benadering - waarvan daar in publikasievorm genoeg voorbeelde is, is dikwels aangebied in 'n "onbetrokke" formaat. Dit sal heel waarskynlik tans nog die mees aanvaarbare metodologiese benadering wees, aangesien historici verkies om by die basiese beginsels van die wetenskap te hou en veralgemenings, analises en voorspellings te vermy. Lee sowel as Walsh & G.V. waarna hierbo verwys is, is

---

[13] J.P. Walsh & G.V. Ungson, "Organizational Memory", *Management Review* 16(1), 1991, pp.60-65.

[14] J.P. Walsh & G.V. Ungson, "Organizational Memory", *Management Review* 16(1), 1991, p.75.

[15] Vergelyk T. A. Rumer, "Corporate history can be public relations gold", *Public Relations Quarterly*, 29, 1984, pp.19-23.

egter nuttig om balans te verseker en bedag te wees op slaggate in die navorsingsmetodiek.

Besigheidsgeskiedenis met 'n wetenskaplike aanslag in Suid-Afrika is 'n vertakking waaroor betreklik min nog gepubliseer is.[16] Baie instansies herdenk hulle bestaan, maar nie almal verkies 'n gepoogde wetenskaplik-objektiewe studie oor hulle bestaan nie.[17] Studies oor professionele verenigings binne die bedryfssektor is baie beperk. Eerder neig die fokus van studie te wees kultuurverenigings of andersins na sake-ondernemings soos reeds in voorbeelde van bronne vroeër uitgewys.[18] 'n Aantal korter publikasies bestaan wel oor die bestaan van byvoorbeeld die Suid-Afrikaanse Instituut vir Elektrotegniese Ingenieurs,[19] maar weinig oor elektotegniese kontrakteurs.

Oor die geskiedenis van elektrisiteit en die elektrotegniese bedryf in die algemeen bestaan publikasies wat in die buiteland ontwikkel is.[20] Geeneen hiervan wat opgespoor is, lig spesifiek die geskiedenis van 'n elektrotegniese beroepsvereniging uit nie. Voorts ontbreek 'n historiografiese agtergrond oor die studie van beroepsverenigings en aangewese metodologiese benaderings waarop sodanige studies aangepak kan word. Derhalwe is in hierdie studie 'n konsentriese en deels narratief-gerigte benadering van die inhoud gevolg waarin 'n oorsigtelike ondersoek internasionaal met betrekking tot beroepsverenigings se herkoms gedoen is. Daarna verskuif die fokus nasionaal met die Elektrotegniese Aannemersvereniging van

---

16 Vergelyk A.M. Joubert, Die geskiedenis van die Nederlandsche Bank en Credietvereeniging, 1888-1902 (RAU:MA,1987); G.Verhoef, Die geskiedenis van Nedbank,1945-1973 (RAU:D.Litt et Phil,1987); J.F.H. van der Merwe, Die geskiedenis van die Nederlandsche Bank voor Zuid-Afrika, 1903-1945 (RAU:MA, 1989); G.J.G.Coleman, A history of the South African Council for Higher Education (SACHED), 1959-1987 (U-Natal:MA,1990); N.D. Roos, A history of the Springbok Legion, 1941-1953 (UN:MA,1990); E.Vorster, Die Suid-Afrikaanse Yster- en Staalbedryfsvereniging, 1936-1957: 'n historiese perspektief (Vrystaat Universiteit:MA,1992); H.W. Loubser, Die geskiedenis van die Vrouelandbouvereniging van die Kaapprovinsie, 1929-1933 (US:MA,1991); S.J. Kitching, Die geskiedenis van Ons Eerste Volksbank, 1918-1948 (UP:MA, 1996).

17 Gebaseer op die persoonlike ervaring van die promotor van dié studie, E.S. van Eeden n.a.v. navorsingsprojekte wat onderneem is en tans nog onderneem word.

18 Vergelyk voetnote 5 en 7 asook P. van Breda, "Die ontstaan van die eerste landbou- en boereverenigings in die Kaapkolonie tot 1883", *Contree*, 14, Julie 1983, pp..20-24.

19 Vergelyk die SAIEE-joernaal wat in 1993 begin is, genaamd *Elektron*.

20 Vergelyk P. Dunsheath, *A history of electrical engineering*.

Suid-Afrika(EAV(S.A.) as vernaamste punt van bespreking. Die EAV(S.A.) se rol op streeksvlak vorm deel van elke periode (chronologies-tematies) onder bespreking. In die heel laaste hoofstuk is tot 'n globale waardering geraak waarin selektiewe veralgemenings wel gemaak is wat met voorbeelde uit die geheelbespreking gestaaf kan word. Soos kundiges op besigheidsgeskiedenis voorstel in die aanpak van besigheidsgeskiedenis, is sake wat die EAV(S.A.) met verloop van tyd geraak het, vanuit 'n wyer perspektief probeer beskou.

## 1.3 Industrialisering in Europa as bakermat vir die vestiging van beroepsverenigings elders

### 1.3.1 Engeland – verspreidingspunt van die Industriële Revolusie

Een van die ingrypendste gebeurtenisse op die bestaanwyse van die mens is die Industriële Revolusie wat teen die einde van die 18e eeu in Engeland 'n aanvang geneem het. In hierdie revolusionêre proses het dit veral gegaan oor die transformasie van die tuisnywerheidshandelsisteem tot 'n fabriekstelsel in Engeland wat tegnologiese prosesse en organisatoriese vorme van industriële produksie ingesluit het.[21]

Voor hierdie grootskaalse industriële veranderings in Engeland was die tuisnywerheidhandelsisteem die enigste produksie vorm waarmee die meeste

[21] Vergelyk C.M. Cipolla, *The Fontana economic history of Europe*, p.1; F.A. Ogg, *Economic development of modern Europe economic History*, pp.12-13, 343-345, 153-155, 215-218, 221-226.

Europeane bekend was. Handelsware is op kleinskaal geproduseer. Materiale en gereedskap wat die vakmanne as vervaardigersinstrumente in die produksieproses gebruik het, is self gemaak. Gegoede vakmanne het dikwels ook leerlingvakmanne in diens geneem om met die produksievervaardiging te help.[22]

Koopmanne (handelaars) het gewoonlik voltooide produkte opgekoop en dit elders verkoop. Soms het die koopmanne self rou materiaal en kapitaal aan vakmanne verskaf om 'n produk te voltooi.[23] Deel van die tuisnywerheidsproduksiestelsel was die Gildesisteem. Teen 1100 het die meeste dorpe Handelaarsgildes gehad. Hierdie gildes was organisasie waaraan almal wat in die dorp handel gedryf het, behoort het.[24] Die doel van hierdie gildes was om eerstens die beste prys vir die gebruiker te verseker en terselfde tyd die verkoper tevrede te stel. Dit het daartoe gelei dat die gildes handels monopolië vir sy lede geskep het. Lede van die gilde kan ook op die gilde staat maak, vir hulp en beskerming, byvoorbeeld as hy om een of ander rede in die tronk beland. Die gilde het ook siek lede gehelp om in die nodige behoeftes te voorsien.[25]

Vyftig jaar na die vorming van Handelaarsgildes het 'n ander tipe gilde ontstaan – die Ambagsgildes. Die eerste van hierdie gildes was die van die wewers wat in verskeie dorpe/stede gestig is. Hulle bestaan is deur die koning erken. Teen die 13de eeu was verskeie gildes dwarsoor Engeland versprei.[26]

Die Ambagsgildes het ook net soos die handelaars gilde gepoog om 'n monopolie van die bedryf te vestig (elke vakman van 'n bepaalde bedryf in die dorp moet aan die gilde behoort). Pryse is deur die gilde vasgestel en daar is kontrole uitgeoefen op die standaard van vakmanskap. Die gilde het ook lede gehelp ten tyde van

---

22 E. Cressy, *A brief sketch of social and industrial history*, pp. 60, 96; P. Mantaux, *The Industrial Revolution in the eighteenth century*, p. 66; C. Behagg, *Labour and reform: working-class movement, 1815-1914*, p. 4.

23 M.M. Knight (a.o), *Economic history of Europe in modern times*, p. 345; E. H. Tuma, *European economic history*, pp. 145-146; P. Mantaux, *The Industrial Revolution in the eighteenth century*, pp. 62-63; 66.

24 E. Lipson, *Economic History of England*, Vol. 1, pp.238-278.

25 C.M. Waters, *An economic history England: 1066-1874*, pp. 59-62.

26 E. Lipson, *An introduction to the economic history of Engeland*, pp. 279, 390.

siekte en finansiële nood. Terselfdertyd het die gildes ook 'n belangrike geestelike funksie gehad. Priesters en geestelike leiers het die gildes ondersteun en minderbevoorregte lede is in die gebed opgedra.[27]

Gildes het uit drie klasse van lede bestaan – die meester vakmanne; die vakmanne en die leerlingvakmanne. Leerlingvakmanne het tussen 7-10 jaar die leerlingvakmanskap voltooi. Dan het so 'n leerlingvakman by die Meestervakman ingewoon. Hy het die nodige, soos onder andere kos, huisvesting, en in sommige gevalle 'n geringe vergoeding, van die Meester ontvang. Daar is van die Meester verwag om hom deeglik in die ambag op te lei sodat hy die nodige vaardigheid kan bemeester wat van hom 'n goeie vakman sal maak.[28]

As die Meester nie gedoen het wat van hom verwag is nie, kon die leerling vakman die saak met een van die bewaarders van die gilde gaan opneem. Daar is dan teen die betrokke Meester opgetree. Op sy beurt is daar van 'n vakleerling verwag om sy meester te gehoorsaam en om nie van sy meester te steel nie.

Na voltooiing van sy vakleerlingskap kon die vakleerling begin om as 'n ambagsman te praktiseer en betaling vir sy dienste te ontvang. Gewoonlik het die nuwe ambagsman vir drie jaar as betaalde ambagsman in diens van sy Meester gebly. Hy het hierna die vryheid van die stad ontvang en hy kan dan op sy eie werk en self vakleerlinge inneem.[29]

Die gilde was dus 'n stelsel om die bedrywe, waaronder weef, spin, hoedemakers en kleremakers, te beheer en, soos in die geval van latere beroepsverenigings, kundigheid en professionaliteit te verseker. Deur middel van die gildes is die gebruiker ook verseker van goeie vakmanskap. [30]

---

27 M. Waters, *An economic history of Engeland: 1066-1874*, pp. 63.

28 E. Lipson, *An introduction to the economic history of Engeland*, pp. 280-292; C.M. Waters, *An introduction to the economic history of Engeland*, pp. 64-66.

29 E. Lipson, *An introdution to the economic history of Engeland*, pp.293-295.

30 C.M. Waters, *An econimic history of Engeland: 1066-1974*, pp. 67-69.

Te midde van die toepassing van die gildestelsel en die grootskeepse industriële verandering in Engeland was navorsers in Europa en ander westerse lande reeds gemoeid met die konsepte magnetisme en elektrotegniese verskynsels se moontlike waarde vir die mensdom.[31] Teen die vroeg 18e eeu is Europiërs blootgestel aan 'n totaal nuwe minerale rykdom as bron van energie soos steenkool en olie.[32] Afgesien van stoomenjins het 'n aantal ander elektrotegniesgerigte uitvindings in Brittanje en Amerika daartoe bygedra om 'n revolusionêre proses in die ekonomiese bestel van Europa en elders teweeg te bring.[33]

---

31 P. Dunsheath, *A history of Electrical Engineering*, p.21.

32 R.H. Soltau, *An outline of European economic development*, pp. 169, 207; M.M. Knight and others, *Economic history of Europe in modern times*, p.345.

33 Vergelyk A.W. Wilmore, *Industrial Britain,* pp.80-91, 130-141, 243-254; M.M. Clapham, A concise economic *history of Britain an outline of European economic development*, p.165; P. Mantoux, The Industrial Revolution in the Eighteenth century, pp.210-224; E. Cressy, *A brief sketch of social and industrial history,* pp.66, 83–85; E.H.Tuma, *European economic history*, pp.214–222; G.D.H. Cole, *Introduction to economic history: 1750-1950*, p.139.

James Hargreaves se *Spinning Jenny* wat die spinproses vergemaklik het.



Bron: G.R. Taylor(Ed), *The inventions that changed the world*, p. 102.

## Diagram 1

### ELEKTROTEGNIESE UITVINDINGS VOOR EN GEDURENDE DIE 18e TOT 20e EEU[34]

| | |
|---|---|
| 2637 vC | Magnetisme ontwikkel – Chinese prominent, gevolg deur die ontdekkingsreisigers in 15e eeu |
| 1600 | William Gilbert publiseer die epogmakende *De Magnete van elektrotegniese vooruitgang opgeteken* |
| 1745 | Die Leyden-fles ontwikkel waarin laaistrome vasgevang is |
| 1750 | Benjamin Franklin verdiep hom in die beskerming van geboue teen weerlig |
| 1764 | James HargrEAV(S.A.)es ontwikkel die *Spinning Jenny* |
| 1769 | James Watt patenteer die stoomenjin |
| 1775 | Die Italianer Alessandro Volta bevorder insig in elektrotegniese verkynsels. Ontdek die Volta suil in 1800 |
| 1782 | James Watt bou die roterende stoommasjien |
| 1790 | Thomas Cartwright ontwikkel die wolkammersmasjien |
| 1815 | Sir Humphry Davy ontwikkel die veiligheidslamp vir die mynbedryf |
| 1818 | Instituut vir Burgerlike ingenieurs gevestig |
| 1834 | Cyrus McCormick stel sy oesmasjien bekend |
| 1836 | Elektriese ligte van batterye by die Parys Opera vertoon |
| 1870 | Gramme ontwikkel die elektriese dynamo |
| 1872 | Die eerste joernaal vir telegrafie en die elektrotegnici bekend gestel |
| 1876 | Alexander Bell se telefoon word bekend gestel. Hierna volg Edison se uitvindings en dié van alle ander |
| 1886 | Gottlieb Daimler ontwikkel 'n brandstofenjin |
| 1887 | Berliner stel die grammofoon bekend |
| 1895 | Filmprojeksie begin. Elektrotegniese uitvindings meer prominent in talle netwerke en instansies |

[34] G.D.H. Cole, *Introduction to economic history: 1750-1950,* pp.202-221; P. Dunsheath, *A history of Electrical Engineering*, pp.21-33;347-357.

| | |
|---|---|
| 1897 | Guglielmo Marconi sein die eerste radiogolwe oor die Bristol kanaal |
| 1919 | Die *British Electrical Development Association* gestig |
| 1961 | Die ledetal van die *Institute of Electrical Engineers* op 48 000 geraam |

Die bevolkingsgroei in Engeland is beskou as een van die faktore wat gelei het tot 'n verhoogde vraag na produkte. Om hieraan te voldoen is 'n fabrieksisteem vir massaproduksie teen 1770 in werking gestel.[35] Een van die belangrikste uitvloeisels van die fabrieksisteem was dat dit groot getalle werknemers (toe nog bekend as die arbeidsproletariaat) in werksplekke bymekaar gebring het en in fabriekstede ontwikkel het. Hierdie fabrieke was tegnologies gebaseer op die stoom-yster-masjien-beginsel.

Daarop het teen 1870 gevolg die tweede fase van die Revolusie waarin fabrieksproduksie omgeskep is tot 'n grootskaalse bedryf. Die arbeidsproletariaat het hierdie tegnologie in fabrieke help bemeester.[36] Die finale produk is egter in hierdie stadium deur werkgewers as aansienlik belangriker geag as die weerloosheid en behoeftes van die arbeider-in-diens. Tientalle bronne bestaan waarin die haglikheid van werksomstandighede en maatskaplike toestande in die omgewing van die destydse fabriekstede beskryf word.[37]

Te midde van hierdie veranderende ekonomiese bestel, en die daarmee gepaardgaande ontoereikendheid daarvan ten opsigte van die, byna verleë, arbeider in diens, is ruimte spontaan geskep vir die ontstaan van ekonomies-georganiseerde bemagtigingsgroepe. Aan die een kant was daar die moontlikheid van die werkgewers via trust- en kartelvorming om finansieel te groepeer; aan die ander kant die ontstaan van vakbonde deur die werknemer.[38] Nuwe

---

35 F.A. Ogg, et al, *Economic development of modern Europe*, pp.12-13, 343-345; C.F. Albertyn (Red.), *Ensiklopedie van die wêreld, deel 5,* 1973, p.239; E. Cressy, *An Outline of industrial history*, pp.88-89; 131.

36 M.M. Knight et al., *Economic history of Europe in modern times*, p. 352.

37 Vergelyk byvoorbeeld P. Mantaux, *The industrial revolution in the eighteenth century*, pp. 66, 73-74; F.A.Ogg et al, *Economic development of modern Europe*, p.149; E. Cressy, *A Brief sketch of social and industrial history*, p.106; M.M. Knight, *Economic history in modern times*, p.397; R.H. Soltau, *An Outline of European economic*, pp. 213-219.

38 G.D.H. Cole, *The world of labour*, p.129; E Cressy, *A brief sketch of social and industrial history*, pp.198-199; F.A. Ogg et al., *Economic development of modern Europe*, pp.139, 357.

arbeidsbenaderings en ekonomiese wetgewing deur regerings het terselfdertyd gevolg. [39] Een van die vroegste inisiatiewe in die aanloop tot die vestiging van 'n beroepsverenigings, sover bekend, is die Tivertan- werkersklub wat die wolkammers van Tivertan reeds in 1700 gestig het. [40]

Aangesien wolkammers baie rondbeweeg het, het wolkammerswerkersklubs, soortgelyk aan dié van Tivertan, dwarsoor Brittanje ontstaan. Lede van die werkersklubs het gespesialiseerde diens aan die wolbedryf gelewer. Dus het hulle as spesialiste 'n sekere status in die gemeenskap geniet.[41] Dit is waarskynlik 'n vername rede vir die promenensie wat die wolkammerswerkersklubs geniet het.

Ambagsmanne in bedrywe soos byvoorbeeld weef, spin en die mynbou het die wolkammers se voorbeeld gevolg en soortgelyke werkersklubs gestig. Alhoewel daar nie 'n oorkoepelende koördinerende liggaam vir die werkersklubs was nie, het die onderskeie klubs hulle in die dorpe waar hulle voorgekom het, georganiseer. Dit het daartoe gelei dat klubs hulle eie vergaderplekke, genaamd die *house of call*, in die dorpe gehad het.[42]

### 1.3.2 Werkersklubs as voorlopers vir die eerste beroepsverenigings

Werkersklubs het lone asook voorwaardes vir indiensneming vasgestel. Lede is byvoorbeeld aangemoedig om nie vir minder as die vasgestelde loon te werk nie. Werkgewers is ook gewaarsku dat hulle net klublede moet aanstel, anders sou hul werkers wat wel werkersklublede was, protesstakings beplan.[43]

---

39 E. Cressy, *A brief sketch of social and industrial history*, p.106; M.M. Knight, *Economic history of Europe in modern times,* pp.460-464, 491; H. Collins, *Trade unions today*, pp.64-66; G.D.H. Cole, *The world of labour*, p. 59.

40 A. Flanders, *Trade unions,* p.10; F.A. Ogg et al, *Economic development of modern Europe*, pp. 418-421; P. Mantoux, *The industrial revolution in the eighteenth century*, pp.78-80; S. and B. Webb, *The history of trade unionism*, p.36; G.D.H. Cole, *Organised labour: an introduction to trade unionism*, p.3.

41 P. Mantaux, *The Industrial Revolution in the eighteenth century*, pp.78-80.

42 J.Clapham, *A concise economic history of Britain from the earliest time to 1950*, pp.260-261; J.C. Clayton, *Trade unions*, p.12.

43 P. Mantaux, *The Industrial Revolution in the eighteenth century,* pp.78-80.

As gevolg van hierdie ingesteldheid van werkersklubs, en die gereserveerde benadering jeens sodanige klubs by die Britse regering, is daar met wetgewing opgetree. Klubs is veral as 'n bedreiging vir die Engelse ekonomie beskou, aangesien gevrees is dat werkers kon verenig en as 'n drukgroep teen regerings kon optree.[44] Wetgewing is reeds in 1718 in Engeland aanvaar wat klubaktiwiteite beperk het.[45] Volgens hierdie wetgewing was die vorming van sowel werkersverenigings as werkgewersverenigings onwettig, terwyl aansluiting by en verbintenis met sulke klubs as 'n kriminele oortreding beskou is.[46]

Ten spyte van beperkende wetgewing het werkersklubs bly voortbestaan. Dit was eers gedurende 1824 – nagenoeg 124 jaar nadat van die eerste werkersklubs gestig is - dat werkersklubs in Engeland gewettig is.[47] In vele opsigte kan hierdie klubs as die voorloper vir beroepsverenigingsaktiwiteite gesien word .

Aspekte soos beroepspesialisasie, indiens- en tersiêre opleiding wat die lede ondergaan het, asook die sekere status wat die lede geniet het, kan beskou word as elemente van 'n beroepsvereniging.[48] Tog in vele opsigte was dit vir die werkersklubs ook, blyk dit, 'n gefokusde saak van aksie, naamlik vergoeding – ook 'n duidelike kenmerk van 'n hedendaagse vakbond. Dus kan gesê word dat hierdie werkersklubs elemente en kenmerke van sowel beroepsvereniging as vakbond

---

44 S. and B. Webb, *The history of trade unionism*, p.34; E.L. Wigham, *Trade unions*, p.11.

45 P.A.M. Taylor, *The industrial revolution in Britain: Triumph or disaster* ?, pp.38, 61; F.A. Ogg et al, *Economical development of modern Europe*, p.420; E.L. Wigham, *Trade unions*, p. 11; P. Mantoux, *The industrial revolution in the eighteenth century*, p.80; C.D.H. Cole, *Introduction to economic history: 1850-1950*, p.48.

46 J. Clayton, *Trade unions*, p.12; A. Flanders, *Trade unions*, p.10; F.A. Ogg, et al, *Economic development of modern Europe*, pp.418-421.

47 A. Flanders, *Trade unions*, pp.11-12; J. Clayton, *Trade unions*, p.13; M.M. Knight, *Economic history of Europe in modern times*, pp.402-403; F.A. Ogg et al, *Economic development of modern Europe*, pp. 423-424; S. and B. Webb, *The history of trade unionism*, pp. 64-65; J. Clapham, *A concise economic history of Britain: from the earliest time to 1750*, p. 261; H. Collins, *Trade Unions today*, pp.13-14; E. Cressy, *A brief sketch of social and industrial history*, p.107; G.D.H. Cole, *Organised labour*, p.3.

48 J.A. Jackson, *Professions and professionalization,* pp.58-59; J. Louw, *Professionalizing psychology,* p.7.

gehad het. As gevolg hiervan is die onderskeid tussen beroepsverenigings en vakbonde nie altyd duidelik nie.[49]

Binne die bou- en konstruksiebedryf as beroepslyn, en waarby elektrotegniese aannemers mettertyd ingeskakel het, soos byvoorbeeld timmermanne en skrynwerkers, het ook meer as een beroepsvereniging in Engeland ontstaan.[50] Enkeles hiervan is:

**Diagram 2**

**BEROEPSVERENIGINGS IN BRITTANJE GEDURENDE DIE EERSTE HELFTE VAN DIE 19e EEU**

| | | |
|---|---|---|
| 1809 | - | Friendly Society of Iron Founders |
| 1824 | - | Steam Engine Makers' Society |
| 1831 | - | Associated Ironmoulders of Scotland |
| 1832 | - | United Society of Boilermakers and Iron Shipwright |
| | - | Operative Stonemasons' Friendly Society |
| | - | United Operative Bricklayers' Trade, Accident, Sick and Burial Society |
| 1839 | - | United Kingdom Society of Coachmakers |
| | - | United Operative Plumbers' Association |
| 1848 | - | Operative Bricklayers' Society |

Die beginsel van die vestiging van beroepsverenigings, om welke motiewe ookal, het gedurende die middel-negentiende en die twintigste eeu na die res van Europa[51]

---

[49] G.D.H. Cole, *Organised labour: an introduction to trade unionism,* p.176.

[50] S. and B. Webb, *The history of trade unionism,* pp.741-751.

[51] Union of International Associations ,*Yearbook of international organizations, Vol. 1A & 1B, 1999-2000.*

en die Verenigde State van Amerika versprei. Die behoefte aan sodanige verenigings vir professionele lui in Europa en selfs die Verenigde State van Amerika neig aanvanklik opvallend na die mediese en gesondheidsdiensteterrein. Gedurende byvoorbeeld 1735 is 'n mediese beroepsvereniging in Boston gestig, terwyl in New York in 1749 'n soortgelyke vereniging sy beslag gekry het.[52] In Amerika blyk dit ook dat dit aanvanklik veral gespesialiseerde beroepsverenigingsdienste soos die regsprofessie, taalkundiges, geoloë, ingenieurswese en uitgewers was wat van die vernaamstes is wat gevestig is.[53] H.W. Ehrmann se *Organized business in France* (1e uitgawe 1957 en hersien in 1981) tref 'n onderskeid tussen handels- en professionele organisasies in Frankryk. Nader aan Suid-Afrikaanse bodem is die werk van A. Dyer getitel *The East African hunters in the history of the East African Professional Hunters' Association* (1979) opgespoor. In vele opsigte is dit ook 'n aanduiding van die beperkte aantal publikasies wat tot op hede bestaan waarin beroepsverenigings prominent staan, terwyl in sommige beroepsverenigings wêreldwyd 'n lang en ryke geskiedenis opgesluit lê.

'n Aantal publikasies nader aan die elektrotegniese bedryf is geïdentifiseer. 'n Enkele sekondêre verwysing internasionaal na 'n beroepsvereniging met betrekking tot die bou- en konstruksiebedryf waarby elektrotegnici ook ingeskakel is, is die *International Association of Factory Inspectors* wat in 1914 gestig is. [54] Dan bestaan daar ook ander sekondêre internasionale werke waarin elektrotegniesverwante beroepsverenigings spesifiek ter sprake is. Onder meer is daar die werk van M. MacLaren, *The rise of the electrical industry during the nineteenth century*, 1943); P.

---

52 C.L.Gilb, *Hidden hierarchies: The professions and the government*, pp.17; 28; 84; 126; 253.

53 Vergelyk W. Wiegand, *The politics of an emerging profession the American Library Association, 1876-1917*; *International Organizations..., Vol. 1A & 1B, 1999-2000.*

54 Vergelyk *International Organizations..., Vol. 1A & 1B, 1999-2000.*

Dunsheath se *A history of electrical engineering* (1962); P.W. Kingsford se *Electrical engineers and workers* (1969); J.D. Ryder & D.G. Fink se *Engineers & electrons - a century of electrical progress* (1984) en F. Harlow se *Electrical engineering; the second century begins* (1986). Hiervan is die meeste opvallend van Amerikaanse oorsprong.

Teen 1860 is 'n internasionale solidariteit tussen sommige beroepsverenigings oor kontinente heen gevestig. Een van die eerste verenigings met 'n sigbare internasionale profiel was dié van die Handskoenmakersvereniging wat gedurende 1860 in England gestig is.[55] Geleidelik het dit vir elk van die gestigte beroepsverenigings noodsaaklik geword om in missie en visie te fokus. Vanuit 'n suiwer semantiese hoek is hierdie fokus, soos aangetoon in Afdeling 1.4, insiggewend.

## 1.4 Beroepsverenigings – 'n begripsverklaring

Beroepsverenigings blyk onder meer gegrond te wees op die basiese veronderstelling dat as 'n werknemer se fisiese, emosionele, geestelike en sosiale behoeftes bevredig is, dit tot 'n hoër moreel onder werknemers lei.[56] Dit dra ook by tot 'n groter kundigheid en professionalisering wat, indien dit suksesvol onderneem word, deel vorm van die statuur en invloed van 'n beroepsvereniging na buite.

'n Beroepsvereniging kan geïdentifiseer word as 'n professionele werknemersorganisasie waarby belanghebbendes as lede aansluit en uitnemende, gespesialiseerde en onafhanklike, gemeenskaplike doelstellings nastreef soos byvoorbeeld die verbetering van werksomstandighede en die professionalisering van dienslewering aan die werknemer as werkgewer en aan die werknemer as kundige in 'n bedryf.[57] Ter bereiking hiervan is beroepsverenigings, veral vanaf die

---

55 M. Boyvard, *Labour movements in the common market countries*, p.43.

56 B. Wesner, *Operating employee associations*, p.9.

57 H.F. Gortner, *Organization theory: A public perspective*, p.2; J.C. Gibson, *Organizations*, p.13; F.F. Odendal(e.a.), *Verklarende handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, p.201; J.Sinclair et. al., *English language dictionary*, p.1551.

twintigste eeu, gemoeid met met die daarstelling van werkloosheidskemas, die instelling van ongeskiktheidspensioenfondse en versekeringskemas vir lede.[58]

In die verklarende woordeboek van *The new book of knowledge* word 'n vereniging omskryf as:

> *An organized body of people in a particular field who have some interest, activity or purpose in common...a mental connection or relation between thoughts, feelings, ideas or sensations.*[59]

In 'n ander begripsverklaring word 'n beroepvereniging voorgehou as 'n organisasie waarvan individue/organsasies van 'n beroepspesifieke bedryf lid is. Lede van beroepsverenigings word as dié kundiges in hulle bedryf beskou. [60]

Begrippe soos gemeenskaplike doelstellings en kundigheid fungeer dus sterk in 'n begripsverklaring ten opsigte van beroepsverenigings. Om hierdie rede kan 'n beroepsvereniging ook gedefinieer word as 'n liggaam wat byvoorbeeld die standaarde neerlê vir die kennis en opleiding wat nodig is in die bepaalde professie. Aansluitend hierby word 'n etiese gedragskode vir die beroep in die praktyk ook deur vereniginglede opgestel.[61]

Sake-ondernemings is merendeels die bestaan van beroepsverenigings goedgesind, aangesien hulle bewus is van die waarde van samewerking vir hulle eie onderneming. Hieronder tel die deurvoering van wetgewing wat tot voordeel van die onderneming strek; gesamentlike bemarking; die daarstelling van standaarde vir dienslewering; die opstel van 'n standaardkode vir goeie besigheidsbestuur en die gereelde deurgee van inligting aan lede waarin die jongste tegnologie en ander ontwikkelings wat soorgelyke ondernemings raak, bekendgemaak word.

---

58 J.S. Stachey, *The citizen and the state: Industrial and social life and the empire*, p.29.

59 W. Morris (ed.), *The new book of knowledge dictionary,* vol. 1 & 2, pp.80, 1045.

60 J.M. Hawkins (comp.), *The Oxford paperback dictionary, Third Ed.* vol. vii, p.1428.

61 R.S.J. De Beer, The value of professional associations/societies/bodies. *Tydskrif vir organisasie en metode* (O&M), vol. 29, Oktober 1990, p.5.

Beroepsverenigings kontroleer hulle markwaarde deur gereeld hul produksiestatistieke te bepaal, en met ander verenigings te vergelyk.[62] In die geval van enige elektrotegniese aannemersvereniging verteenwoordig die ledetal en lede se produksie-uitset in die vorm van projekte onderneem (bv. die bedrading en elektrifisering van geboue), sowel as die geldwaarde van elke projek, die direkte en indirekte markwaarde van die elektrotegniese beroepsvereniging.[63] Daarmee blyk die onderskeid tussen beroepsverenigings en vakbonde heel duidelik te wees, aangesien 'n vakbond[64] gedefinieer kan word as 'n werknemersorganisasie wat hoofsaaklik gerig is op die verbetering van lone, werksure, werksvoorwaardes en werksomstandighede vir lede.[65] Lede van vakbonde is gewoonlik geregtig op finansiële steun uit die gemeenskaplike fonds van 'n vakbond ten tyde van byvoorbeeld siekte, stakings en werkloosheid.[66] Tog word verenigings soos beroepsverenigings, vakbonde en liefdadigheidsverenigings deur die Romeins-Hollandse regstelsel, wat nog in Suid-Afrika gebruik word, in 'n al groter mate gelykgestel.[67] Vir die doel van hierdie studie is dit nie nodig geag om dieper op die ontstaan van vakbonde in te gaan nie.

Beroepsverenigings, waarvan daar uiteraard 'n groot verskeidenheid in die sakesektor bestaan en/of hoofsaaklik gerig is op professionele instansies/inrigtings, is daarop ingestel om die algemene welvaart en professionele vooruitgang van die lede te bevorder. Bovermelde begripsverklarings oor veral beroepsverenigings word erken in die bespreking van die historiese rol van die Elektrotegniese Aannemersvereniging van Suid-Afrika as beroepsvereniging.

---

62 W. Morris, *The new book of knowledge*, vol. 9, p.251.

63 'n Interpretasie gebaseer op die navorsing onderneem vir die EAV(S.A.), en inligting wat na vore gekom het uit talle onderhoude gevoer met die Uitvoerende hoof en streeksdirekteure.

64 Die woord vakbond is sedert 1830 al in gebruik. Vergelyk *The Oxford paperback dictionary*, vol. xi, p. 225.

65 M.A. du Toit, *South African trade unions: History legislation, policy*, p.1; J. Clayton, *Trade unions*, p.11; A.C. Jones, *Trade unionism today*, p.3.

66 Oxford Universtity Press, *The Oxford paperback dictionary*, vol . xi, p. 225.

67 G. Pienaar, "Die regsraad van verenigingsregspersone", *De Jure*, 23(1), 1990, pp.81–85.

## 1.5 Beroepsverenigings in Suid-Afrika

Op Suid-Afrikaanse bodem is beroepsverenigings in die algemeen eers sedert die laat- 19e eeu gevestig. Sekerlik die vernaamste rede hiervoor is omdat die primêre sektor in Suid-Afrika met die ontdekking van goud en diamante verstedeliking en industrialisasie met rasse skrede bevorder het. Daarmee saam is onderwys op 'n meer georganiseerde grondslag bedryf, wat daartoe bygedra het dat die opvoedingspeil teen die middel twintigste eeu sigbaar tot groter professionalisering gelei het.[68] Opheffingswerk met die doel om 'n hoër professionele standaard te vestig was 'n belangrike fasset van die werksaamhede van talle forums (byvoorbeeld die 1939- en 1951-Volkskongresse); verenigings, federasies en unies wat veral na Uniewording gevestig is.[69]

Gedurende byvoorbeeld Mei 1888 is die beroepsvereniging, die *Typographical Society of Natal,* gestig. In Januarie 1898 het hierdie vereniging met soortgelyke verenigings geamalgameer en die *African Typographical Union* gestig.[70] Hierna het

---

[68] Vergelyk F. Sonn en R. van den Heever, *A decade of struggle*, (1986); P. Marais, *Professionaliteit en die Transvaalse Onderwysersvereniging 'n opvoedkundige studie* (1996). 'n Verwysing na beroepsverenigings sluit nie die rol en werksaamhede van Banke in nie. Van dié sakedienste was reeds gedurende die 19e eeu in die Kaap Kolonie gevestig. Vergelyk Barclays Bank, *A banking centenary, Barclays Bank (dominion, colonial and overseas), 1836-1936,* (ca. 1936), J.A. Henry, *Standard Bank, The first hundred years* (1963).

[69] Vergelyk die etlike blanke vrouevereenigings op provinsiale vlak, en die S.A. Vrouefederasie se werksaamhede. Daarby nog die Landbou-unies en boereverenigings wat landwyd as professioneelgerigte verenigings gefokus het op kundigheid. Vergelyk onder meer I. Van der Walt, *Gedenkalbum van die Transvaalse Landbou-Unie, 1925-1975*); *Die Transvaalse Landbou-unie, Die boere van Transvaal en hul organisasie, 1897-1957.* Dit kom voor asof die organisasies van ander groepe in Suid-Afrika voor 1950, heel begryplik, groter klem geplaas het op vergoedings- en indiensnemingsaangeleenthede as professionalisering gerig op kundigheid. Hiervan is die ICWU 'n tipiese voorbeeld.

[70] E. Gitsham, *First account of labour organizations in South Africa*, p.14; E.N. Katz, *A trade Union aristocracy.* p.21.

Thomas Edison se kragstasie in pearlstreet New York, wat gedurende 1882 in gebruik geneem is.



Bron: G.R. Taylor(Ed), *The inventions that changed the world*, p. 161.

die totstandkoming van nog beroepsverenigings gevolg. Die *Ingelijfde orde van procureurs en notarisse in die Suid-Afrikaanse Republiek* het in 1892 sy beslag gekry,[71] terwyl byvoorbeeld die Transvaalse Onderwysersvereniging in 1894 gevorm is.[72] Enkele voorbeelde van beroepsverenigings wat voor die Apartheidsera (1948-1994) gevestig is, is die *South African Library Association* (1930) en die *Black Social Workers' Association* (1945).[73]

Beroepsverenigings onder swart mense was daar dus wel heelwat voor die veertigerjare van die twintigste eeu. Werkersunies vir swart arbeiders het egter die kollig gesteel as dit by ondersteuning en ledewerwing kom. Politieke en ekonomiese beperkings is waarskynlik vername redes hiervoor.

Kort na Uniewording(1910) byvoorbeeld het die regering die sogenaamde Kleurslagboomwette wat in die mynbedryf toegepas was, gewettig. Die eerste van hierdie wetgewing was vervat in die Wet op Myne en Werke van 1911 (*Mines and Works Act*). Dit was hoofsaaklik as gevolg van druk van blanke vakbonde. Hiervolgens kon poste vir opgeleide persone (wat die beste betaalde poste was) nie aan Swartes en Indiers gegee word nie. Stakings was ook onwettig.[74]

Die Wet op leerlingvakmanskap (*The Apprenticeship Act)* van 1922 het verder bygedra tot rasisme in industriële opset in Suid-Afrika. Deur middel van hierdie wetgewing het blanke vakbonde hulle lede se posisie verseker aangesien hulle hiervolgens opleidings kwalifikasies vir leerlingvakmanskap kan neerlê. Vir swart werknemers was dit baie moeilik om as leerlingvakmanne opgelei te word, aangesien hulle nie die voorgestelde kwalifikasies gehad het nie.

---

71 B. Whittle, "Die prokureursorde van Transvaal: 'n eeu in diens van reg en geregtigheid", *De Rebus*, 298, Oktober 1992, pp. 678-681.

72 W.A. Landman, *Die Transvaalse Onderwysersvereniging, 1894-1993: 'n eeu van stryd en oorwinning*, pp.1-3.

73 M. Grey, "Social Work at the Crossroads", *Social Work*, 26(1), March 1990, p.177.

74 A. Lemon, *Apartheid: a Geogrophy of Separation*, p.41.

Met die *Industrial Conciliation Act* van 1924 het die regering die nodige masjienerie in plek gestel om dispute te voorkom en probleme wat wel mag voorkom op te los. Volgens hierdie wetgewing het blanke vakbonde vir verbeterde werksomstandighede onderhandel. Hierdie onderhandelings was egter nie net ten opsigte van blanke werkers nie maar ook vir swart werkers, aangesien swart onderhandelaars nie ingesluit was in die onderhandelings-proses nie.[75] Met ander woorde swart werkers moes tevrede wees waarvoor blanke vakbonde vir hulle beding sou hulle nie bv. by die Industrial Commercial Workers Union(ICU) geaffilieer wees nie maar hulle op "blanke" vakbonde moes beroep. Dit was vanuit hierdie arbeidsbeleid en jarelange, bloot aanvaarde, diskriminerende bedryfsverhoudings dat die EAV(S.A.) die speelveld vir sy lede na 1994 gelyk sou moes maak (Kyk hoofstuk Ses).

## 1.6 Elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika– 'n historiese oorsig

### 1.6.1 Elektrisiteitsvoorsiening - 'n nederige begin vir 'n jong professie

Sover bekend is die eerste kragsentrale vir menslike gebruik op groot skaal in die wêreld in 1881 in Godalming in Surrey (Verenigde State van Amerika) opgerig. Die hoë koste van elektrisiteitsvoorsiening in daardie stadium het die Godalming-inwoners klaarblyklik afgeskrik, gevolglik het min hierdie innovasie benut. Drie jaar later is hierdie sentrale gesluit omdat dit nie winsgewend was nie. Welbekende uitvinder Thomas Edison het in 1882 die wêreld se tweede kragsentrale vir die eerste blywende grootskaalse voorsiening van elektrisiteit in New York opgerig (Kyk ook Diagram Een).[76] Dit was die "Electrical Exhibition" in Philadelphia, VSA, in 1884 wat die weg gebaan het vir hierdie professie se behoorlike organisering (kyk

---

[75] L. Thompson, *A History of South Africa*, pp. 167-169.

[76] T.Edison, *Thomas A Edison: The life-story of a great American,* pp.45-46; F.J.C Marshall, *Thomas Alva Edison: 1847-1931,* pp.70-71.



Die oorspronklikke kragstasie by Kimberley wat gedurende 1882 in gebruik geneem is. Hiermee het Kimberley die eerste dorp in Suid-Afrika geword wat met elektrisiteit kon spog.

Bron: D.J. Potgieter (Ed), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa*, p. 275.

illustrasie hiernaas). Die stigting van die Amerikaanse Instituut vir Elektriese Ingenieurs het byvoorbeeld uit hierdie inisiatief ontwikkel.[77]

In Suid-Afrika is elektrisiteitsvoorsiening op klein skaal gevestig toe die *Table Bay Harbour Board* in 1881 in die Kaapstad-gebied 'n steenkoolkragsentrale opgerig het. Dit het hierdie Raad in staat gestel om 22 lampe, waarvan elkeen 2 000 kerskrag sterk was, te installeer.[78]

Myne, waarvan al hoe meer teen die laat-negentiende, vroeg twintigtigste eeu in Suid-Afrika in bedryf was, het ook kragsentrales opgerig om in hulle eie behoeftes te voorsien.[79] Dit het meegebring dat 'n kleinskaalse elektrisiteitsvoorsieningsaanleg na die Barbertonse goudvelde uitgebrei het.[80] Gedurende 1882 is 'n kragsentrale ook in Kimberley in gebruik geneem. Kimberley het hiermee die eerste dorp in die land geword wat kon spog met geëlektrifiseerde beligting in die strate.[81] Nadat steenkool gedurende 1887 aan die Witwatersrand ontdek is, het die Johannesburgse goudvelde in 1892 ook 'n kragsentrale gekry[82] en 'n jaar later het dié van Pretoria gevolg.[83]

Grootskaalse elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika het eers vanaf 1895 begin met die installasie van die *Central Electric Works* naby Brakpan in die toenmalige Zuid-Afrikaansche Republiek . Die *Central Electric Works*-kragsentrale het elektrisiteit aan goudmyne tot aan die buitewyke van Johannesburg verskaf. Dit was ook

---

77 H. Freitag (Ed.), *Electrical Engineering: The second century begins*, pp.5-6.

78 J. Ross, *Thomas Edison*, pp. 50-52; P. Goosen (ed.), *The illustrated encyclopedia of invention*, Vol. 23, p.2091; G.R.Taylor (ed.), *The inventions that changed the world*, pp. 102; 242-243.

79 Vergelyk T.R.H. Davenport, *South Africa : A modern history, fourth edition*, p. 85; R. Macnab, *Gold, their touchstone, Gold Fields of South Africa 1887-1987: A centenary story,* Chapters one-seven.

80 D.J. Potgieter (ed.), *Standard Encyclopaedia of South Africa*, vol.4, p.275; H.W.F. Nettmann, *Address on the history and development of the town of Barberton,* pp.30-32; Vergelyk Curror, W.D., *Golden Memories of Barberton.*

81 Republiek van Suid-Afrika (RSA), *Amptelike jaarboek van Suid-Afrika*, 1977, p.472.

82 Vergelyk J.R. Shorten, *Die verhaal van Johannesburg* (In Afrikaans vertaal deur N.F. Hefer, J.J. Groenewald en C.J.H. Vorster), pp.72,161,236; T.R.H. Davenport, *South Africa: A modern history, Fourth edition*, p.84.

83 Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Kommissie insake die lone van die naturelle mynwerkers op die Witwatersrand en besoldiging en diensvoorwaardes van naturelle by Transvaalse ondernemers van die Victoria Falls and Transvaal Power Company, p.13.

gedurende dieselfde jaar (1895) dat 'n kragsentrale by Kaapstad opgerig is. Hierna het Durban en Oos-Londen onderskeidelik twee jaar na mekaar (1897 en 1899) elkeen hulle eie kragsentrale ontvang. Hierdie bestaande kragsentrales het egter nie 'n elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk gevorm nie, en die haalbaarheid van 'n meer georganiseerde diens is ondersoek.

### 1.6.2 Die eerste elektrisiteitsvoorsieningskema en elektrotegniese dienste gevestig

Gedurende 1906 het die Witwatersrandse mynmaatskappye saamgespan om 'n sentrale liggaam te stig wat vir elektrisiteitsvoorsiening verantwoordelik sou wees. Dit het aanleiding gegee tot die stigting van die *Victoria Falls Power Company* (VFP). [84] As die sentrale elektrisiteitsverskaffer in Suid-Afrika was die doel van die VFP om die hidro-elektriese potensiaal van die Victoria-waterval in Zimbabwe (eertydse Rhodesië) te benut. Toe dit blyk dat die voorgenome skema nie haalbaar sou wees nie, het die VFP 'n elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk van steenkoolkragsentrales opgerig.[85]

Die elektrisiteitsvoorsieningsnetwerk in wording is jare lank as deel van en onder die vaandel van die boubedryf hanteer. Vakmanne in die elektrotegniese bedryf in Suid-Afrika het byvoorbeeld byna vier dekades lank hulle werksaamhede onder die vaandel van boubedryfverenigings beoefen (kyk afdeling 1.5 en ander hoofstukke in dié verband).

Professionalisering was reeds teen die twintigerjarevan die twintigste eeu sigbaar. Elektrisiteitsverwante beroepe soos elektrisiteitsingenieurs en elektrotegniese aannemers het opgang gemaak. 'n Behoefte aan die vestiging van 'n eie individualiteit was dus net 'n kwessie van tyd. Een so 'n vereniging, en myns insiens die prominentste tot 2000, is die Elektrotegniese Aannemersvereniging (EAV(S.A.)),

---

84 D.J. Potgieter (ed.), *Standard Encyclopaedia of Southern Africa, vol. 4*, p.275.

85 Republiek van Suid-Afrika, *Amptelike jaarboek van die Republiek van Suid-Afrika*,1977, p.472.

waarna vroeër verwys is, wat gedurende 1949 amptelik beslag gekry het.[86] Om die EAV(S.A.) in konteks te plaas, is dit van belang om net kortliks by die geskiedenis van elektrisiteitsvoorsiening in Suid-Afrika stil te staan.

Gedurende 1922 is wetgewing (Wet op Elektrisiteit no. 42 van 1922) aanvaar. Hiermee is voorsiening gemaak vir die samestelling van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (EVKOM). 'n Klousule wat neergekom het op die onteiening en oorname van die VFP deur EVKOM oor 'n tydperk van vyf en dertig jaar, is ook in die genoemde wetgewing opgeneem.[87] Die wel en wee van elektrotegnies-gerigte bedrywe is veral in verbandhoudende wetenskaplike joernale te vind, alhoewel die meeste meer resent van aard is.[88]

Namate elektrisiteitsvoorsiening in veral stede en dorpe meer toeganglik geword het, is 'n elektrotegniese afdeling sedert die eerste dekade van die twintigste eeu in die Suid-Afrikaanse boubedryf geakkommodeer.[89] Die eerste spore van 'n plaaslike elektrotegniese beroepsvereniging is in 1923 in die Kaapprovinsie te vind. Hierdie Vereniging het met EAV(S.A.) se amptelike stigting in 1949 besluit om met hierdie groter Vereniging te amalgameer. Hieroor meer in Hoofstuk Twee waarin die ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis van die EAV(S.A.) binne die Suid-Afrikaanse boubedryf vanaf veral 1949 tot 1955 toegelig word.

---

86 ECA (S.A), Kemptonpark, Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 27 April 1949, p. 1. In Hoofstukke Twee tot Ses is meer inligting in die verband.

87 Unie van Suid-Afrika, *Verslag van die Kommissie in sake die lone van naturelle mynwerkers op die Witwatersrand en besoldiging en diensvoorwaarders van die naturelle by Transvaalse ondernemings van die Victoria Falls and Transvaal Power Company,* 1944, p.13; Elektrisiteitsvoorsieningskommissie (EVKOM), *Vyf en twintig jaar: 'n register van die oorsprong, vordering en prestasies van die Elektrisiteitsvoorsieningskommissie: 1923-1948*, p.36.

88 Vergelyk onder meer J.Gouws, "Opleiding van elektriese en elektroniese ingenieurs met groter klem op inligtingstegnologie", *Suid-Afrikaanse Tydskrif vir Natuurwetenskap en Tegnologie* , 19(1), Maart, 2000, pp.5-9; Anon., "The South African Institute of Electrical Engineers: Why register as an engineering technician?", *Vector Electrical Engineering*, 3, March 1993, p.22; Anon., "Engineers and their work", *NU Partners*, 2(1), March 1991, p.8.

89 Master Builder's Association (MBA), Midrand, Minutes of a meeting of the National Executive Committee, minute, 11 June 1940, p. 5.

EAV(S.A.) presidente vir die periode, 1949-1955

Mnr. J.M. Fraser
1949-1951

Mnr. Kirkcaldy
1951-1952

Mnr. F.B.D. Gibson
1952-1954



Mnr. C. E. Gaynor
1954-1956

Bron: ECA(S.A.) Head Office, Edenglen, Germiston.